



**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE STADSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 31 MAART 2022 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Speaker, rdh M A Rangasamy  
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas  
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

**RAADSLEDE:**

Bess, D G (DA)	Pieters, C (ANC)
Booyesen, A M (VF)	Pypers, D C (DA)
Daniels, C (DA)	Smit, N (DA)
Fortuin, C (ANC)	Soldaka, P E (ANC)
Jooste, R J (DA)	Stanley, B J (DA)
Le Minnie, I S (DA)	Van Essen, T (DA)
Ngozi, M (ANC)	Van Zyl, M (DA)
O'Kennedy, E C (DA)	Vermeulen, G (VF)
Papier, J R (GOOD)	Warnick, A K (DA)
Penxa, B J (ANC)	

Beampstes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz  
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit  
Direkteur: Siviele Ingenieurswese, mnr L D Zikmann  
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton  
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys  
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche  
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger  
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

**1. OPENING**

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadshere, raadslede en amptenare. 'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die lede van die publiek.

Rdl D C Pypers open die vergadering met skriflesing en gebed op versoek van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en amptenare wat die afgelope tyd verjaar het.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Geen verskonings is ontvang nie.

**BESLUIT** dat rdl A A Duda afwesig is sonder verlof.

**3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS**

Geen.

**4. NOTULES VIR BEKRAGTING**

4.1/...

#### **4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 27 JANUARIE 2022**

##### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesecondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou 27 Januarie 2022 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

#### **5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

##### **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

##### **5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE- MEESTERSKOMITEE GEHOU 20 JANUARIE 2022**

##### **5.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE- MEESTERSKOMITEE GEHOU 14 FEBRUARIE 2022**

##### **5.3 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE- MEESTERSKOMITEE GEHOU OP 21 FEBRUARIE 2022** saamgelees met

##### **NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJESKOMITEES GEHOU OP 16 FEBRUARIE 2022**

#### **6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

##### **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

##### **6.1 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 1 FEBRUARIE 2022**

#### **7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen.

#### **8. SAKE VIR BESPREKING**

##### **8.1 AANVAARDING VAN OORSIGVERSLAG OP 2020/2021 JAARVERSLAG (7/1/1/1)**

Die konsep Jaarverslag vir die 2020/2021 finansiële jaar is ingevolge artikel 127 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 op 27 Januarie 2022 aan die Raad voorgelê, waarna die jaarverslag vir kommentaar deur die publiek en betrokke staatsorgane ter insae beskikbaar gestel is.

Die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee, onder voorsitterskap van rdl E C O'Kennedy, het op 11 Maart 2022 vergader om die kommentaar ontvang op die konsep jaarverslag te oorweeg in die opstel van die 2020/2021 Oorsigverslag.

Rdl E C O'Kennedy wens die administrasie geluk met die uitsonderlike prestasie in die verkryging van 'n skoonoudit vir die 2020/2021 finansiële jaar.

Die aangeleentheid word deur die Speaker tot stemming gebring en beslis (in die afwesigheid van een raadslid) met 14 stemme (DA-raadslede) ten gunste daarvan en die res van die raadslede (8 in totaal) wat buite stemming bly.

Besluit/...

8.1/...

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesecondeer deur rdd M van Zyl)

- (a) Dat die Raad, gegewe hy die 2020/2021 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland oorweeg het, die Oorsigverslag aanvaar in terme van artikel 129 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (MFMA);
- (b) Dat die 2020/2021 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland goedgekeur word sonder voorbehoud, in terme van artikel 129 van die MFMA;
- (c) Dat die notules van vergaderings waar die Jaarverslag bespreek is in die teenwoordigheid van die rekenpligtige beampte (Munisipale Bestuurder), aan die Ouditeur-Generaal, die Provinsiale Tesourie en die Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering voorgelê word, in terme van artikel 129(2) van die MFMA;
- (d) Dat die 2020/2021 Oorsigverslag van Munisipaliteit Swartland openbaar gemaak word in terme van artikel 129(3) van die MFMA en aan die Wes-Kaapse Wetgewer voorgelê word in terme van artikel 132(2) van die MFMA;
- (e) Dat, met die aanvaarding van die Oorsigverslag, die betaling van 'n prestasiebonus ingevolge paragraaf 3.1.2 van die Oorsigverslag deur die Raad goedgekeur word.

**8.2 2021/2022 SPESIALE AANSUIWERINGSBEGROTING (5/1/1/1, 5/1/1/2-2021/22)**

Swartland Munisipaliteit het 'n bykomende toekenning ten bedrae van R2 214 000 ontvang vanaf die Provinsiale Regering vir die totstandkoming van 'n Wetstoepassings-reaksie-eenheid.

Rdl Penxa verwelkom die werksgeleenthede wat deur die bykomende toekenning geskep word en versoek dat pogings aangewend moet word om plaaslike inwoners te werf vir die reaksie-eenheid.

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, gee agtergrond tot die projek, onder andere, rakende die groot aantal aansoeke wat ontvang is. Die aansoeke sal deur middel van 'n siftingsproses tot 40 kwalifiserende kandidate verminder word wat vir 'n onderhoud genooi sal word. Die toepaslike wetgewing maak egter nie voorsiening dat slegs plaaslike kandidate gewerf mag word nie.

'n Stemming word versoek deur die Speaker en word die aangeleentheid beslis met 16 stemme (DA = 14 en VF+ = 2) ten gunste daarvan en die res van die raadslede (6 in totaal) wat buite stemming bly.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesecondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat kennis geneem word dat die Begrotingsbeheer Komitee dringend vergader het om die verduidelikings en motivering van die finansiële personeel en verantwoordelike direkteur te oorweeg gegewe die veranderinge;
- (b) Dat goedkeuring verleen word om die hoëvlak bedryfsbegroting vir 2021/2022 as volg te wysig met geen veranderinge aan die buitejare nie;

Tabel/...

	Oorspronklike Begroting 2021/22	Half-Jaarlikse Aansuiwerings begroting 2021/22	Spesiale Aansuiwerings begroting 2021/22	Oorspronklike Begroting 2022/23	Oorspronklike Begroting 2023/24
Kapitaalbegroting	166 435 729	166 040 448	166 040 448	132 744 732	136 678 848
Bedryfsuitgawes	911 967 149	951 133 356	953 347 356	983 835 346	1 055 314 274
Bedryfsinkomste	968 875 613	1 007 040 106	1 009 254 106	1 048 008 388	1 119 714 984
<b>Begrote (Surplus)/ Tekort</b>	<b>(56 908 464)</b>	<b>(55 906 750)</b>	<b>(55 906 750)</b>	<b>(64 173 042)</b>	<b>(64 400 709)</b>
Minus: Kapitaal Toekennings, Donasies & Ontwikkelingsbydraes	47 912 409	48 027 246	48 027 246	45 865 556	50 788 078
<b>(Surplus)/ Tekort</b>	<b>(8 996 055)</b>	<b>(7 879 504)</b>	<b>(7 879 504)</b>	<b>(18 307 486)</b>	<b>(13 612 631)</b>

- (c) Dat kennis geneem word dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2021/2022 finansiële jaar en dat die begrote netto surplus van R7 879 504 onveranderd bly;
- (d) Dat die aangepaste begrotingskedules soos vereis deur die Begroting- en Verslagdoeningsregulasies goedgekeur word soos vervat in **(Annexure B: Budget Report and B-Schedules 2021/22 – 2023/24)**;
- (e) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en -formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;
- (f) Dat die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) toepaslik dienoreenkomstig gewysig word.

### 8.3 GOEDKEURING VAN DIE VORIGE RAAD SE 2017-2022 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) (MET WYSIGINGS) ASOOK DIE AREAPLANNE (2/1/4/4/1)

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas, noem dat die Munisipale Raad reeds op 16 November 2021 goedkeuring verleen het om ingevolge Artikel 25(3) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels (Wet 32 van 2000) die vorige Raad se 2017-2022 GOP te aanvaar.

Die verslag het ten doel om die wysigings aan die GOP, soos vervat in die Memorandum gesirkuleer met die sakelys, aan die Raad voor te lê.

Die aangeleentheid word tot stemming gebring met 17 stemme (DA = 14, VF+ = 2 en GOOD = 1) ten gunste daarvan en die res van die raadslede (5 in totaal) wat buite stemming bly.

#### BESLUIT

(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat die Raad kennis neem van die wysigings aan die vorige Raad se 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en hersiening van die areaplanne wat ter tafel gelê is in terme van artikel 17(3) van die MFMA;
- (b) Dat 'n publieke konsultasieproses gedurende April 2022 gevolg word.

**8.4 TERTAFELLEGGING VAN DIE KONSEP MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTINGS, GEWYSIGDE BEGROTINGS EN VERWANTE BELEIDE, EIENDOMSBELASTINGKOERSE, TARIEWE EN ANDER HEFFINGS VIR 2022/2023, 2023/2024 EN 2024/2025 VIR DOELEINDES VAN DIE PUBLIEKE DEELNAMEPROSES (5/1/1/1, 5/1/1/2 -2022/23, 5/1/4)**

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas, lê die konsep Kapitaal- en Bedryfsbegrotings vir die 2022/2023, 2023/2024 en 2024/2025 finansiële jare ingevolge artikel 16(2) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) (MFMA) ter tafel.

Rdh J H Cleophas noem dat die opstel van die konsep begroting 'n groot uitdaging was in ag genome die negatiewe ekonomiese omstandighede waaronder die verbruikers gebuk gaan.

Die voorgestelde tariefverhogings word aan die Raad voorgehou met die uitnodiging, ingesluit aan die publiek, om van die geleentheid gebruik te maak om insette en kommentaar gedurende die publieke deelnameproses in te dien.

Die aanbeveling voor die Raad (soos oorweeg en aanbeveel tydens 'n Uitvoerende Burgemeesterskomitee gehou op 25 Maart 2022) word deur die Speaker tot stemming gebring en (in die afwesigheid van een raadslid) beslis met 14 stemme (DA-raadslede) ten gunste daarvan met die res van die raadslede (8 in totaal) wat buite stemming bly.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat die Raad kennis neem dat die koste soos beoog deur Artikel 19(2)(a)(b) van die MFMA verkry is na konsultasie met die onderskeie direkteure wat die koste bevestig het soos per **(Annexure A: 2022/23 – 2024/25 Draft Budget and Tariff File)** vir oorweging;
- (b) Dat die Raad, voor die goedkeuring van die kapitaalprojekte bo R50 miljoen soos gelys in **(Annexure B: 2022/23 – 2024/25 Capital Projects ito Sec 19)**, eers die geprojekteerde koste wat alle finansiële jare dek totdat die projek in werking is, en die toekomstige bedryfskoste en inkomste op die projek, met inbegrip van belasting- en tariefimplikasies oorweeg;
- (c) Dat die Raad die befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die Raad se kapitaalprogram en daarop let dat die beskikbare befondsingsbronne nie vir ander doeleindes geormerk is nie;

FINANCING SOURCES	Draft Budget 2022/2023	Draft Budget 2023/2024	Draft Budget 2024/2025
Capital Replacement Reserve (CRR)	R 116 643 433	R 122 483 903	R 130 244 472
Municipal Infrastructure Grant (MIG)	R 33 810 000	R 24 711 000	R 25 670 000
Dept. Human Settlements	R 20 059 000	R 33 600 000	R 5 000 000
Integrated National Electrification Programme (INEP)	R 17 600 000	R 5 000 000	R 5 225 000
RSEP	R 1 200 000		
Contributions / Donations	R 14 360 000		
Dept. Cultural Affairs and Sport	R 50 000		
Community Safety Grant	R 30 000	R 40 000	R 40 000
<b>GRAND TOTAL</b>	<b>R 203 752 433</b>	<b>R 185 834 903</b>	<b>R 166 179 472</b>

8.4/...

- (d) Dat die Raad dit toepaslik geag het om die totale kapitaalprogram te oorweeg, uitgesluit die 3 individuele projekte bo R50 miljoen aangesien die voorgenoemde kapitaalprogram se operasionele koste, insluitend die toekomstige koste wat gedek sal word deur belasting en die normale kostesentrums soos in die Bedryfsbegroting;
- (e) Dat die Raad die kapitaalprojekte as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos per **(Annexure A: 2022/23 – 2024/25 Draft Budget and Tariff File)**;
- (f) Dat die konsep hoë-vlak meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegrotings ten opsigte van die 2022/23 tot 2024/25 finansiële jare goedgekeur word as finaal, in ooreenstemming met artikel 16, 17 en 19 van die MFMA om publieke deelname toe te laat;

	Oorspronklike Begroting 2021/22	Aansuiwerings begroting 2021/22	Konsep Begroting 2022/23	Konsep Begroting 2023/24	Konsep Begroting 2024/25
Kapitaalbegroting	166 435 729	166 040 448	203 752 433	185 834 903	166 179 472
Bedryfsuitgawes	911 967 149	951 133 356	1 026 601 605	1 055 394 402	1 135 542 535
Bedryfsinkomste	968 875 613	1 007 040 106	1 104 983 965	1 113 176 083	1 174 467 869
<b>Begrote (Surplus)/ Tekort</b>	<b>(56 908 464)</b>	<b>(55 906 750)</b>	<b>(78 382 360)</b>	<b>(57 781 681)</b>	<b>(38 925 335)</b>
Minus: Kapitaal Toekennings en Bydraes	47 912 409	48 027 246	87 109 000	63 351 000	35 935 000
<b>(Surplus)/ Tekort</b>	<b>(8 996 055)</b>	<b>(7 879 504)</b>	<b>8 726 640</b>	<b>5 569 319</b>	<b>(2 990 335)</b>

- (g) Dat daar in beginsel goedkeuring verleen word vir die kennisgewing ingevolge artikel 14(1) en (2) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 ten opsigte van die heffing van konsep eiendomsbelastingkoerse, vrystellings en afslag op eiendomme soos gespesifiseer in die onderstaande skedule en in die eiendomsbelastingbeleid vir die 2022/2023 finansiële jaar, vir doeleindes van die publieke deelnameproses;

<b>Category of property</b>	<b>Rate ratio</b>	<b>(c/R) rate determined for the relevant property category</b>
<i>Residential properties</i>	1: 1	0,5624
<i>Business and Commercial properties</i>	1: 1,4586	0,8203
<i>Industrial properties</i>	1: 1,4586	0,8203
<i>Agricultural properties</i>	1: 0,25	0,1406
<i>Mining properties</i>	1: 1,4586	0,8203
<i>Public Service Infrastructure</i>	1: 0,25	0,1406
<i>Properties owned by an organ of state and used for public service purposes</i>	1: 1,4586	0,8203
<i>Public Benefit Organisations</i>	1: 0	0,0000
<i>Vacant properties</i>	1: 1,3470	0,7575
<i>Municipal properties</i>	1: 0	0,0000
<i>Conservation Areas</i>	1: 0	0,0000
<i>Protected Areas</i>	1: 0	0,0000
<i>National Monuments</i>	1: 0	0,0000
<i>Informal Settlements</i>	1: 0	0,0000

**Exemptions and Reductions**

- **Residential Properties:** For all residential properties, the municipality will not levy a rate on the first R15 000 of the property's market value. The R15 000 is the statutory impermissible rate as per section 17(1)(h) of the Municipal Property Rates Act.

**Rebates in respect of a category of owners of property are as follows:**

- **Indigent owners:** 100 per cent rebate will be granted to registered indigents in terms of the Indigent Policy to a maximum valuation of R105 000;
- **Qualifying senior citizens and disabled persons:** A rebate to an amount equal to the rates payable on the first amount of the valuation of such property to a limit of R300 000.

**NB:** Please refer to the municipality's property rates policy in respect of all rebates offered.

- (h) Dat die Raad die konsep tariefstrukture en heffings vir water, vullisverwydering, riool en ander diverse heffings soos uiteengesit in **(Annexure A: 2022/23 – 2024/25 Draft Budget and Tariff File)** goedkeur met die doel om publieke deelname toe te laat;
- (i) Dat die Raad die voorgestelde elektrisiteitstariewe as konsep goedkeur vir die 2022/23 finansiële jaar, met in ag neming dat dit onderhewig is aan finale goedkeuring deur NERSA;
- (j) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit in **(Annexure C: Budget Report and A-Schedules 2022/23 – 2023/24)** goedgekeur word;
- (k) Dat die **wysigings** aan die begrotings- en verwante beleide soos vervat in **(Annexure D: Draft Amendments to Budget & Related Policies 2022/23)**, goedgekeur word met die doel vir die publiek se menings en kommentaar;
- (l) Dat die opleidingsbegroting, beperk tot **0,70%** van die salarisbegroting ten bedrae van **R 2 036 894**, vir die 2022/23 finansiële jaar as konsep goedgekeur word;
- (m) Dat die Raad kennis neem dat die verhogings vir die Direkteure kontraktueel gekoppel is aan die ander personeel wat op nasionale vlak onderhandel en bepaal word:
- Ten opsigte van alle personeel, 'n verhoging van **4.9%** vir 2022/2023; **4.4%** vir die 2023/2024 en **4%** vir 2024/2025 finansiële jare, uitgesluit die toename in ander voordele wat van toepassing is en die jaarlikse 2,5% kerfverhoging waar van toepassing;
  - Daar is voldoende begroot vir alle salarisaanpassings;
  - Voorsiening is gemaak vir 'n **3%** verhoging vir politieke ampsbekleërs wat val binne die middelband van die inflasieteikens soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB);
- (n) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfssurplusse en dat die begroting "kontant gefinansier" word as gevolg van die kontantreserwes in tabel A8, die totale groei in uitgawes van **7.9%** vanaf die huidige na die nuwe finansiële jaar en die inkomstebronne met 'n groei in inkomste van **9.7%** (**slegs 5.9% kapitale toekennings uitgesluit**) vir die MTREF periode, sowel as die kontantvloeistaat soos per **(A-schedule: A7)** vir die volgende drie finansiële jare;
- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **8.3 maande** vir 2022/23, **8.3 maande** vir 2023/24 en **7.6 maande** vir die 2024/25 finansiële jaar (dit kan wesenlik beïnvloed word, maar op hierdie stadium is dit nie moontlik om wetenskaplik te bepaal nie);
  - oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so 'n aard dat netto bedryfstekorte verwag word vir 2022/23, 'n bedrag van **R8 726 640**, vir 2023/24 'n bedrag van **R5 569 319** en 'n bedryfssurplus vir 2024/25, 'n bedrag van **R2 990 335 (kapitale toekennings uitgesluit)**, wat bestuurbaar is binne die risiko-aptyt van die munisipaliteit en gerugsteun word deur die verbeterde betaalkoerse;

8.4/...

- (o) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate (**Annexure E: 2022/23 NT and PT Budget Circulars**) in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;
- (p) Dat die Raad kennis neem dat die begroting opgestel is in die nuwe mSCOA Weergawe 6.6 soos vereis deur Nasionale Tesourie maar dat die mSCOA-datastring nie vir verifikasie doeleindes opgelaaai kon word om perfekte belyning te verseker tydens die finalisering van die begroting nie, weens tegniese probleme wat die NT stelsel ondervind;
- (q) Dat die proses van publieke insette en kommentaar op die konsep begroting, **hersiende** begroting- en verwante beleide (beperk tot die hersienings van die vorige jaar) en begrotingsdokumente, belastingkoerse op eiendomme en tariewe op **29 April 2022** sluit.

## **8.5 KONSEP 2022/2023 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGIMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/2)**

Die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) definieer die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) as 'n gedetailleerde plan wat deur die burgemeester van 'n munisipaliteit ingevolge artikel 53(1)(c)(ii) van die MFMA goedgekeur word vir implementering van die munisipaliteit se lewering van dienste en van sy jaarlikse begroting.

Die doel van die SDBIP is om die munisipale bestuur te ondersteun om diensleweringsteikens, sowel as die spandering van die kapitaalbegroting binne gegewe tydsraamwerke te bereik.

Die Speaker versoek dat daar tot stemming oorgegaan word en word die aangeleentheid beslis met 14 stemme (DA-raadslede) ten gunste daarvan en die res van die raadslede (8 in totaal) wat buite stemming bly.

### **BESLUIT**

(op voorstel van N Smit, gesekondeer deur rdl I S le Minnie)

- (a) Dat die Raad kennis neem van die aangehegte konsep 2022/2023 Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) wat in terme van regulasie 14 van die Munisipale Begroting- en Rapporteringsregulasies ter tafel gelê is;
- (b) Dat die SDBIP in terme van regulasie 15 van die Munisipale Begroting en Rapporteringsregulasies aan Nasionale Tesourie en Provinsiale Tesourie voorgelê word.

## **8.6 KENNISGEWING RAKENDE DIE GOEDKEURING VAN DIE ORGANISATORIESE STRUKTUUR MET INGANG VAN 1 MAART 2022 MET IN AG NEMING VAN WYSIGINGS AAN DIE DEPARTEMENT: BESKERMINGSDIENSTE (2/3)**

Artikel 66 van die Munisipale Stelsels Wysigingswet, 2011 bepaal dat die munisipale bestuurder verantwoordelik is vir die ontwikkeling van 'n organisatoriese struktuur vir goedkeuring deur die munisipale raad.

Die wysigings aan die organisatoriese struktuur met betrekking tot die Direkoraat: Beskermingsdienste (Wetstoepassingsreaksie-eenheid) word volledig toegelig in die aanhangsels tot die verslag, soos gesirkuleer met die agenda.

### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdd M van Zyl)

Dat kennis geneem word van die gewysigde Organisasoriese Struktuur soos goedgekeur deur die Munisipale Bestuurder met in ag neming van die wysigings aan die Departement: Beskermingsdienste met ingang van 1 Maart 2022.



**8.7 (1) RAPPORTERING VAN 'N ARTIKEL 56 VAKATURE, MNR R DU TOIT; (2) VUL VAN ARTIKEL 56 BESTUURSPOSISIE, DIREKTEUR: ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE; (3) AANSTEL VAN KEURINGSPANEEL (4/3/B; 4/3/1)**

Die verslag het ten doel om die Raad in te lig aangaande die vakature wat ontstaan het met die aftrede van mnr R du Toit einde Junie 2022 en om ingevolge Artikel 56 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels (Wet 32 van 2000) die prosesplan aan die Raad voor te hou insake die vulling van die vakature.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl R J Jooste)

- (a) Dat daar kennis geneem word van die vakature wat sal ontstaan in die pos van Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste met die aftrede van mnr Roelof du Toit einde Junie 2022;
- (b) Dat die Raad goedkeuring verleen en bevestig dat die makro personeelstruktuur, soos aangetoon op die goedgekeurde organisasiestruktuur, in ooreenstemming is met die GOP en dat die pos van Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste relevant is en benodig word ten einde die strategiese doelwitte van die GOP te bereik;
- (c) Dat die Raad goedkeur dat die pos van Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste gevul word en dat goedkeuring verleen word vir die vul daarvan en advertering, in ooreenstemming met die aangehegte advertensie en die regulasies;
- (d) Dat die pos gevul word op 'n allesinsluitende "koste-vir-maatskappy" pakket in ooreenstemming met die bepalings van die bo-perk ("upper limits") vir Senior Bestuurders, ingevolge die 20 Maart 2020 kennisgewing, of soos gewysig;
- (e) Dat die Raad die keuringspaneel bestaande uit die volgende persone goedkeur –
  - (i) Die Munisipale Bestuurder, mnr Joggie Scholtz (Voorsitter van paneel);
  - (ii) Lid van die Burgemeesterskomitee verantwoordelik vir die Portefeulje Tegniese Dienste, rdh T van Essen;
  - (iii) Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste van 'n buurmunisipaliteit, naamlik Drakenstein Munisipaliteit;
- (f) Dat daar kennis geneem word dat 'n diensverskaffer deur die Munisipale Bestuurder aangestel sal word om te help met die werwing- en keuringsproses vir die aanstel van 'n Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste;
- (g) Dat daar kennis geneem word van die prosesplan soos hierby aangeheg en dat dit as sulks goedgekeur word;
- (h) Dat goedkeuring verleen word dat mnr Roelof du Toit in 'n mentorskaprol aangewend word na die aanstelling van sy opvolger, vir die oorblywende tydperk van sy kontrakperiode, onderhewig daaraan dat hy ook vir ander take, funksies en verantwoordelikhede aangewend word, soos en wanneer benodig.

**8.8 AANVAARDING VAN (1) VERWYSINGSRAAMWERK EN (2) WERKPROGRAM VAN DIE MUNISIPALE PUBLIEKE VERANTWOORDBAARHEIDSKOMITEE (MPAC) (3/2/2)**

Die Raad het ingevolge Artikel 79A van die Strukture Wysigingswet (Wet 3 van 2021) die lede op die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC) aangewys. Die MPAC het die Verwysingsraamwerk en Werkprogram onderskeidelik op 25 Januarie 2022 en 11 Maart 2022 oorweeg vir voorlegging aan die Raad.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdl C Daniels)

- (a) Dat die Verwysingsraamwerk van die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC) deur die Raad goedgekeur word;
- (b) Dat die MPAC Werkprogram deur die Raad goedgekeur word en opgeneem word in die vergadering-/aktiwiteitskedsule van die Raad.

## **8.9 HERAFBAKENING VAN MUNISIPALE GRENSE (15/1/1; 17/17/1/1)**

'n Omsendbrief 1/2021 is ontvang vanaf die Munisipale Afbakeningsraad waarin kennis gegee word dat die herafbakeningsproses van munisipale grense oopgestel sal word na afloop van die Plaaslike Verkiesings in November 2021.

### **BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat daar kennis geneem word van Omsendbrief 1/2021 ontvang vanaf die Munisipale Afbakeningsraad en van die tydperk om voorstelle in te dien, naamlik vanaf November 2021 tot 31 Maart 2022;
- (b) Dat, weens die omvattende aard van die motiveringsverslag wat by die Afbakeningsraad ingedien moet word insake die herafbakening van grense, ingesluit die konsultasieproses, daar nie op hierdie stadium voorstelle ingedien sal word nie;
- (c) Dat 'n werkgroep bestaande uit die lede van die Portefeuljekomitee: Munisipale Bestuur, Administrasie en Finansies en betrokke amptenare saamgestel word om ondersoek in te stel na moontlike areas vir die in- of uitsluiting by die Swartland munisipale grense vir aanbeveling aan die Raad en toekomstige voorlegging aan die Munisipale Afbakeningsraad.

## **8.10 RESULTAAT VAN VERKIESING VAN WYKSKOMITEES EN VERWANTE AANGELEENTHEDE (3/4/4/B)**

Die Raad het op 16 November 2021 'n besluit ingevolge Artikel 72 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture (Wet 117 van 1998) geneem om wykskomitees in te stel.

Die verkiesingsvergaderings in die onderskeie wyke is suksesvol afgehandel en is daar nog slegs 26 vakatures wat by wyse van koöptering gevul moet word.

### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl R J Jooste)

- (a) Dat kennis geneem word dat die proses afgehandel is om wykskomitees op die been te bring en dat die oorblywende vakatures, 26 in totaal, so spoedig moontlik deur middel van koöptering gevul sal word;
- (b) Dat kennis geneem word dat 'n induksie sessie vir wyksraadslede en wykskomitee lede gehou sal word in die Stadsaal, Malmesbury op Saterdag, 9 April 2022 om 08:45;
- (c) Dat, met in ag neming van die opname wat gemaak is onder munisipaliteite in die Weskus en andere, die vergoeding van wykskomitee lede as volg goedgekeur word:
  - (i) die betaling van 'n sittingsfooi van R500,00/vergadering en R3,50/km indien daar verder as 10 km na 'n vergadering gereis word;
  - (ii) die betaling van 'n addisionele sittingsfooi van R250,00/vergadering en R3,50/km indien daar verder as 10 km na 'n vergadering gereis word vir die bywoning van blokvergaderings of waar die betrokke wykskomitee lid 'n verteenwoordiger van die Raad is, onderhewig aan die voorlegging van die nodige bewyse;
- (d) Dat die twee lede van die sub-komitee van Wyk 4 op dieselfde basis vergoed word as in paragraaf (b), onderhewig daaraan dat dit 'n eenmalige reëling is, en dat die vergoeding van enige ander lid van 'n sub-komitee in die toekoms op meriete beoordeel sal word;
- (e) Dat die allokering van raadslede soos bepaal in paragraaf 20 van die Reëls en Prosedures vir Wykskomitees op 'n latere stadium deur die Speaker, in oorleg met die wyksraads lid, oorweeg word ten einde die wyksraads lid te ondersteun om die optimale funksionering van wykskomitees te verseker.

## 8.11 WATERDIENSTE DIENSLEWERINGSOOREENKOMS: VYFDE WYSIGING (K11/Vol 5)

Die Weskus Distriksmunisipaliteit is ingevolge 'n Artikel 78-ondersoek aangewys as die Waterdienste Verskaffer om water te verskaf aan die betrokke B-munisipaliteite.

Die verlenging van die bestaande Diensleweringsooreenkoms met die Weskus Distriksmunisipaliteit is die vyfde addendum tot die oorspronklike ooreenkoms.

### BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl C Daniels)

- (a) Dat goedkeuring verleen word om die bestaande diensleweringsooreenkoms tussen die Weskus Distriksmunisipaliteit, Swartland, Bergrivier en Saldanha Munisipaliteite met 'n verdere termyn van drie (3) jaar te verleng met ingang van 1 Julie 2022 tot 30 Junie 2025;
- (b) Dat volmag aan die Munisipale Bestuurder verleen word om die Vyfde Addendum tot die Diensleweringsooreenkoms te onderteken.

## 8.12 MOSIE ONTVANG VANAF GOOD: ONDERVERDELING EN VERVREEMDING VAN ERF 12421, MALMESBURY (3/2/2)

Die Speaker bied aan die voorsteller van die mosie, rdl J R Papier die geleentheid om sy mosie toe te lig, in reaksie waarop rdl G Vermeulen van die VF+ argumente aanvoer ter ondersteuning van die mosie van GOOD, synde vir 'n forensiese ondersoek na die betrokke transaksie.

Rdl D G Bess, namens die DA, bevraagteken die motiewe van GOOD en rdl Papier se versuim om hom voor sy persverklaring van die korrekte feite te vergewis. Sy bied agtergrond oor die besluite wat die transaksie met die ACVV voorafgegaan het, en brei uit oor die beleidsaspekte asook grondwetlike oogmerke wat deur die voormalige Raad in ag geneem was om die grond ter sprake teen 'n gesubsidieerde prys te verkoop, welke aspekte in aanmerking geneem sou word ongeag die instansie wat daarom sou aansoek doen.

Rdl D G Bess verwys ook na die voorwaardes van verkoop, ingevolge waarvan – onder andere – die eiendom na die Raad sal terugval indien dit nie in eniger stadium in die toekoms nie as skool benut word nie. Sy brei verder uit oor die groei van die skool, wat tans 154 Engelssprekende leerlinge in die Swartland akkommodeer, en prys die voormalige Raad as heldersienende vir sy belegging in kinder-opvoeding.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en 14 stemme (in die afwesigheid van een raadslid) word uitgebring ten gunste daarvan dat die mosie verwerp word. Met betrekking tot 'n versoek hierna van die ANC vir 'n geleentheid om te koukus, gelas die Speaker dat dit nie toegestaan word nie, omrede die stemproses reeds 'n aanvang geneem word. Die stemproses word vervolgens afgehandel met 14 stemme ten gunste van die voorstel, twee stemme daarteen en ses raadslede wat buite stemming bly.

### BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat die mosie, soos ingedien deur rdl J R Papier van GOOD, verwerp word;
- (b) Dat die Raad dit nie nodig ag om 'n forensiese ondersoek na die aangeleentheid te gelas nie, gegewe daar reeds 'n saak by die Valke aanhangig gemaak is.

Na afloop van die item, wys die Speaker daarop dat hy homself die reg reserveer om die optrede van rdl Papier ingevolge die Gedragskode vir Raadslede te ondersoek, aangesien laasgenoemde se versuim om hom voor sy persverklaring van die korrekte inligting te vergewis, potensieel daarop dui dat hy die geloofwaardigheid en integriteit van die Munisipaliteit gekompromitteer het.

**GETEKEN:  
SPEAKER**